Kempie Klets

Uitgawe 10: 19 Augustus 2010

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Gister het ons die voornemende graad 8-ouers en hulle kinders van 2011 by die skool ontvang! Kan u glo dat ons reeds aan die nuwe jaar begin dink. Ons matrieks begin eersdaags met die rekordeksamen en ons begin al beplan aan volgende jaar se rooster, begroting en personeeltoewysing. Dit alles is aan die gang en die winter is nog nie eens verby nie!

Rekordeksamen en toetsreeks

Die matrieks begin op 31 Augustus met hul rekordeksamen. Hierdie is die laaste geleentheid om seker te maak die opsommings is voldoende, gedisiplineerde studie is in plek, die fokus is daar om te presteer, en met 'n slaag nóú kan hulle met soveel meer rustigheid die eindeksamen tegemoet gaan. Ons dra elkeen van hulle aan die Here op vir gesondheid en baie selfdissipline om goed te kan doen.

Die graad 8 – 11 leerders begin vandag, 19 Augustus, met die derde kwartaal se toetsreeks. Hierdie is weer 'n relatief makliker toetsreeks waar die kinders hulle punte vir die einde van die jaar so 'n bietjie kan opskuif. Mag dit met elkeen goed gaan.

Begroting 2011

Die Finansiële Komitee is tans besig om die begroting voor te berei vir aanstaande jaar. Indien u enige bydrae wil maak, of inligting wil bekom oor die proses of die inhoud daarvan, moet u asseblief mnr. Jorrie Jordaan by die skool kontak om 'n afspraak te maak. Hy sal u daarmee kan help.

Rugby O/15 in Beeld finaal

Geluk aan die spelers, afrigters en ouers met die besondere prestasie. Dit was nog vir geen O/15 span van die Kempies voorheen beskore om in dié ouderdomsgroep in die Beeld finaal te speel nie. Finale het altyd 'n uitdaging en atmosfeer van sy eie. Ons gun dit vir hierdie span en stuur hulle met vertroue Saterdag op die veld om die skool te gaan verteenwoordig. Wen of verloor – om in die finaal te speel, is slegs vir twee spanne uit seker 'n 100 spanne beskore. Ons salueer hulle!

Herregistrasie vir 2011

Volgens die Gauteng Departement van Onderwys wil hulle alle registrasies van leerders vir die 2011 skooljaar teen die einde van September afhandel. U as ouer moet ons asseblief hiermee help. Die registrasievorms kan apart van die eerste skoolgeldbetaling van 2011 ingedien word. Die vorms word benodig vir die personeeltoewysing en roosterbeplanning vir aanstaande jaar.

Buitemuurse aktiwiteite

Gedurende hierdie deel van die jaar is die krieket voluit aan die gang, die landloopseisoen bereik sy hoogtepunt, die gimnaste werk hard vir erkenning, die revue, toneel en kunswedstryde is aan die deelneem, en intussen moet die kinders eet en slaap! Voeg nou nog die luggeweerskiet, cheerleaders, Voortrekkers, debat en gholf hierby en u sal verstaan dat hier nie tyd is om te verspeel by die Kempies nie.

Dankie vir elke ouer se ondersteuning, aanry en aanmoediging – u is vir ons goud werd. Dankie ook aan die leerders en afrigters vir u toewyding en deursettingsvermoë. Julle maak skool die moeite werd!

Kempie Klop

11 September is 'n datum wat aangeteken moet wees op die kalender teen die yskas. Die jaarlikse Kempie Klop vind die dag op die A-Rugbyveld plaas. Bekende orkeste en sangers, stalletjies om te kies en te keur, kos en heerlike kuier is op die spyskaart. U mag dit nie misloop nie! Kaartjies is by u kinders beskikbaar. Ondersteun die Ondersteunersklub asseblief met die fondsinsamelings poging.

Ten slotte

Ons volgende Kempie Klets sal weer op 2 September verskyn. Groetnis tot dan.

Roelof Burger

(Skoolhoof)

SPORT

LANDLOOP:
By die Sentraal Gauteng Landloop Kampioenskappe het Kempies puik presteer.

Spankompetisie:
Die volgende spanne het gewen.
Onder 15 Dogters
Onder 17 Dogters
Onder 17 Seuns

Die volgende Kempies het puik individuele prestasies gelewer:

1ste
Anneke Gildenhuys
O/19D—6km
Estie Brits
O/17D—4km

2de
Suné Jonker
O/14D—4km
Marli van Staden
O/17D—4km

4de
Monique Stander
O/15D—4km

5de
Tiaan Jacobs
O/15S—4km

6de
Rainier Horak
O/17S—6km

7de
Tiffany Bell
O/14D—4km
Hans Gildenhuys
O/17S—6km

8ste
Tiaan Botes
O/16S—6km

9de
Andria Botha
O/14D—4km

Die afgelope naweek het Pieter Wilders in die Paarl aan die SA Senior landloopkampioenskappe deelgeneem en behaal 'n 2de plek met 'n briljante tyd van 29 min 55 sek.

RUGBY:
Kempies doen dit weer! Kempies se O/15A rugbyspan het die afgelope naweek vir Hoërskool Menlo Park met 14 – 9 gewen. Met hierdie oorwinning het hulle daarin geslaag om komende Saterdag in die Beeld-trofee finaal teen Hoërskool Waterkloof te speel.



KRIEKET
Kempies se **1ste** span speel teen Brandwag. Kempies wen die loot en besluit om te kolf. Kempies teken 171 lopies aan vir 10 paaltjies. Brandwag antwoord met 173 vir 7 paaltjies. Brandwag wen met 3 paaltjies.

Uitblinkers met die kolf:
Waldemar Bodenstein met 80 lopies en Ferdi Kolar met 27 lopies nie uit nie.

Uitblinkers met die bal:
Waldemar Bodenstein met 3 vir 30 in 10 boulbeurte.

Kempies se **O/15A** speel teen Brandwag. Kempies wen die loot en besluit om te kolf. Kempies teken 174 lopies aan vir 10 paaltjies. Brandwag antwoord met 102 vir 10 paaltjies. Kempies wen met 72 lopies.

Uitblinkers met die kolf:
Stefan Martinaglia met 55 lopies, Divan Stander met 25 lopies.

Uitblinkers met die bal:
Marcel Summers met 3 vir 20 in 10 boulbeurte, Divan Stander met 3 vir 32 in 9 boulbeurte en Quintin Olivier met 3 vir 25 in 5 boulbeurte.

Speler van die wedstryd:
Stefan Martinaglia.

ANDER SAKE

KOOR:

Die Kempie koor het 'n baie suksesvolle optrede in die Staatsteater in Pta. gehad tydens die Tswane Jeugkunstefees.
Donderdag, 19 Augustus, hou die koor 'n laerskole koorfees om 19:00. Toegang is R30 en kaartjies is by deure beskikbaar!
Kom geniet n rustige aand met mooi koormusiek.

KUNSMARK:

Onthou die Kunsmark—4 September 2010 voor in die skool se tuin vanaf 9:00. Uitstallers kontak Etna 083 756 9577 vir besonderhede

RADIKALE REDENAARS UITSLAE:

Gr.8

Lian, Anri, Inge, Ruan.	91%
Daniel, Bianca, Marné, Kay-leë.	87%

Gr.9

Pieter, Carmen, Neil, Danielle.	87%
Quintin, Euonne, Rhochelle, Jacqueline.	86%

Gr.10

Lizaan, Johanrie, Jolene, Anli.	86%
Joyce, Izaan, Leonie, Lelani.	86%

Gr.11

Hans, Anri, Chene, Carike.	88%
Martin, Bjorke, Chene, Lune.	90%

Gr.12

Ruvan, Armand, Geraldi, Rose-Marie	92%
Elandri, Bianca, Heleen-Marie, Anneke.	85%

Jnr. Prestige

Celeste Andria Kristen	90%

Snr. Prestige

Veruschka Luzé Estie	92%

REVUE:

Kempies se Revue groep het die afgelope naweek weereens getoon hoekom hulle as Segarona wenners aangewys is. Die groep is genooi om in Pretoria se staatsteater deel te neem aan die Tshwane Kunstefees. Met 'n vertoning vol energie, kreatiwiteit en afgerondheid het hulle die gehoor gaande gehad.

MUSIEKAKADEMIE:

Gedurende die eerste semester van 2010, het die volgende leerlinge die Unisa musiekeksamens afgelê:

Baie geluk aan Charné Janse van Rensburg wat die Unisa Graad IV klavier sowel as Graad IV teorie met lof geslaag het. Ons weet dit het gepaard gegaan met baie ure se voorbereiding. Ook aan Didi Dippenaar wie Graad III klavier met hoe Eervolle Vermelding geslaag het. Didi se prestasie is prysenswaardig, aangesien sy benewens twee ander, komponente naamlik sang en viool, ook in klavier uitblink. Ons wens die res van die musiekleerlinge sterkte toe met die komende kunswedstryd en Unisa-eksamens.

By die Musiekakademie kan leerlinge ook onderrig word in musiek vir eie plesier. Daar is `n wye verskeidenheid instrumente om van te kies en leerlinge kan onderrig ontvang in meer as een van hierdie instrumente.

GESINSPITKOS

The Scarecrow

Once upon a time a man was the owner of a wonderful farm. But he let nobody near his property. He used guns, cannons, traps and scarecrows — everything he cc think of to scare people away before they set foot on his land.
But he began to feel lonely. He decided to remove everything he had put into place to keep the people out. The guns, the traps, the cannons, even the scarecrows came down. Then he went and stood in the middle of his fields, and stretched his arms wide to welcome passersby. But nobody came near him. They thought he was a scarecrow.
One day a man walked by and asked the farmer what was trying to do. The farmer told him how in the begin he had chased everyone away from his farm, but that now he longed for company. "I'm standing here inviting people and animals to come closer," he complained, "but nobody's, coming."
The man took one look at him and said, "Drop your arms. You look like a scarecrow."
From that day forward the farmer's farm became the most popular place to visit in the whole area.

Are you a scarecrow, or a window onto God's love? It's far, far better be the sort of person who shows God's love to the world. That way attract people to God instead of scaring them away.

- geneem uit: 100 stories for young ears—Ewald van Rensburg

ADVERTENSIES

CK 53 DRIVING SCHOOL AND TRAINING GROUNDS
VISIT OUR GROUNDS AT
CNR AANDBLOM AND FLAMBOYANT STR,EDLEEN

LEARNERS LICENSE COURSE:
R350,00 PASS GUARANTEED

SPECIAL PACKAGES AVAILABLE:	R 170.00 per Hour
EXCELLENT PRICES:	R2,000 for 13 Hours
FULL PACKAGE FROM START TILL END:	R4,500
LEARNERS LICENSES ALL CODES:	R 350.00
PHONE FOR TEST BOOKINGS	R 200.00

COLLECT AND DROP-OFF AVAILABLE
DUEL CONTROL VEHICLE
FULLY QUALIFIED INSTRUCTOR

KONTAK : KOBUS - 083 419 8043/082 3800 731/
011-393 1674
e-mail : ck53dr@telkomsa.net

CK53 DRIVING SCHOOL

HET JY GRIEP ! ! !

- koors, hoes, seer keel, 'n loopneus, seer lyf, hoofpyn, moegheid?? Vind meer uit oor `n kliniese navorsingstudie, vir die toets van `n nuwe medisyne, vir die behandeling van alle soorte griep. Skakel ons so gou moontlik by CLINRESCO as jy wil deelneem.

Tel: 011 394 3400/072 378 5423

AMA KIDI KIDI

VERVOER VIR LEERLINGE

Benodig u vervoer vir u kind/ers?
Veilig en betyds
Kontak: Wayne
Cell: 084 501 8295
Huis: 011 394-5277

Spring-day Festival

Carwash on Wellington's beautiful state-of-the art carwash facilities and fitment centre is now open to the public
4 September 2010
There will be **live entertainment**, **food**, clothing and hobby stalls, **fleamarket**, and an array of other interesting **stalls**.
Children of all ages **are welcome**!
a jumping castle, face-painting and other Entertainment.
Come and join us at:
22 Wellington Street, Rhodesfield
(011) 394-1754 or 083 2514158

BULLDOG MOUNTAIN BIKE RACE 2010

Date:	September 4th, 2010
Starting time:	7h30 - 60 km and 7h45 - 30 km and 8h00 – 15km
Venue:	Bredell Landbou hoewes, Kempton Park
Online entry:	www.cyclelab.com
Distances:	15km (R20.00), 30km (R50.00), 60km (R80.00)
Contact :	Ronelle – 082 804 6991
email:	ronelle@jonelle.co.za
Cut-off time:	31ste August 2010 at 24h00

TAP 2 DRAIN
PLUMBING SERVICE
"You'll Be Flushed With Our Service"
Ross: 072 255 7563 Andy: 082 395 1600
tap2drain@mweb.co.za

Rulerite Stationers **GLEN BALAD**
Tel: 011 972 4707

Classe Kitchens

The Reliable choice



Leon: 082 316 8238

Kitchens
Bedroom cupboards
Vanities
Studies
Bars
Granite

Showroom
13 Finch street
Atlasville Boksburg
Tel/Fax 011 918 0357

classekitchens@telkomsa.net